
# DIE GIDS

**AFRIKAANS - God's Robot**




# GOD SE ROBOT

Die meganiese "ROBOT" se naam is afgelei van die Tsjeggiese woord "Robotanik" wat masjienmens beteken.

God het in Sy wysheid en liefde teenoor die mensdom dit noodsaaklik geag om sekere "STOP" tekens op hierdie wêreld te plaas, selfs in die tuin van Eden, waar Adam en Eva volmaakte vryheid geniet het om vryelik van elke boom van die tuin te eet, en waar hulle die soetste gemeenskap met hulle Skepper gesmaak het, was God verplig om 'n "Robot", 'n "STOP" teken voor hulle te plaas. Die boom van die kennis van goed en van kwaad was daardie "STOP" teken wat hulle gewaarsku het om nie van sy vrug te eet nie sodat hulle nie sou sterwe nie. *Gen. 2:16-17.*

Later, toe die mensdom in getalle toegeneem het, het God dit noodsaaklik gevind om die "STOP" tekens te vermeerder deur baie meer wette te maak, wat die pelgrims op aarde leiding sou gee omtrent sekere sake, sodat hulle sou weet hoever om te gaan en waar om te stop. Hierdie wette was nie alleen aan die mensdom gegee nie, maar ook aan die natuur, en alle ander dinge in die hemel en op aarde. God het "STOP" tekens voor die magtige see gesit, 'n grenslyn vir die waters daargestel, en dit so verhinder om weer die aarde te oordek. Daar is "STOP" tekens vir kinders sowel as vir grootmense: "STOP" tekens vir eet en drink sowel as vir slaap, vir speel sowel as vir werk. "So ver en nie verder nie" word ons gesê deur die natuur sowel as op enige ander gebied van

die lewe. Daar is “STOP” tekens vir die ongetroude lewe sowel as vir die getroude lewe; in besigheid, in sport, in fabrieke, in hospitale, in skole, in die leermag sowel as in die Wetenskap. In bergklim of op die see, in vliegkuns sowel as in die myn van goud diep onder in die skoot van die aarde, ontmoet ons hierdie baie “STOP” tekens. Om hierdie “STOP” tekens te verontagsaam is om vreeslike noodlottige rampe te veroorsaak en geweldige skade te berokken.

In hierdie moderne tye is ons almal bekend met die verkeer se “STOP” tekens. Dit is waarlik wonderlik om te sien hoedat, met weinige uitsonderings, motoriste ag gee op hierdie nuttige “STOP” tekens. Om hulle te oortree kan noodlottig wees, behalwe dit kan daar nog 'n swaar boete ook opgelê word. As 'n passasierstrein, 'n skip of 'n vliegtuig sekere “STOP” tekens verontagsaam, kan honderde lewens daardeur omkom.

Ons moderne Atoombomme sowel as ander meer vernietigende bomme word op die oomblik beheer deur sekere “STOP” tekens. As enigeen van hulle deur 'n menslike fout of nalatigheid verontagsaam word, sal die grootste deel van die beskawing uitgewis word.

Die grootste en magtigste “STOP” teken vir die veiligheid, herstel en redding van die mens was opgestel op Golgota byna twee duisend jaar gelede toe die kosbare bloed van Jesus Christus, die Seun van God, uitgestort was vir ons op die wrede kruis. Dit is die noodsaaklikste en magtigste “ROBOT” wat ooit op aarde geplaas is om die mensdom te “STOP” op sy weg na die verdoemenis. Ons het almal gesondig en het uit God se weg uitgedraai, en koers gevat na ewige ondergang. Vanaf die tyd dat Adam en Eva, verlei deur die satan, die eerste “STOP” teken verontagsaam het in die tuin van Eden, het die mensdom die breë weg geneem na die ewige verderf. Waarlik, God het gepoog om die malle gejaag na die oordeel te stop, deur meer en meer “STOP” tekens op te rig deur Sy klein getal getroues, maar dit het nooit lank geduur voordat die “STOP” tekens verwerp, omgeloop en met die voete vertrap was nie. *Rom. 3:23.*

Op 'n sekere tydstip toe die “verderwer” deur Egipteland gegaan het, en al die eersgeborenes doodgemaak het in elke huis sowel as van die vee, het God Sy uitverkore volk, Israel, beveel om 'n “STOP” teken op te rig. Die hoof van elke huis moes 'n vleklose lam doodmaak en sy bloed sprinkel aan die deurposte van die huis. Dit sou dan die “STOP” teken wees vir die verderwer en sou verhoed dat hy die dood sou toedien aan die eersgeborene van daardie huis. Daar was nie een huis op daardie nag van oordeel waar daar nie een dood was nie, behalwe waar die “STOP” teken van die bloed van die lam, die vernieler weerhou het om binne te gaan nie. Die lam het sy bloed gegee vir die eersgeborene, net soos Jesus, die Lam van God, Sy lewe vir ons gegee het deur Sy bloed te stort. *Ex. 12:13.*

Heelwat later toe die leërs van Israel die magtige mure van Jericho omsingel het, was aan Ragab die hoer gesê dat sy 'n “STOP” teken, in die vorm van 'n rooi tou, moes vasmaak aan die venster van haar huis wat gebou was op die stadsmure. Sy het geglo, en dit was vir haar tot geregtigheid gereken. Sy het gehandel volgens haar geloof in die God van Israel, en het die rooi tou vasgemaak aan die venster. Terwyl die mure van Jericho gesidder, beweeg en geval het, moes die magte wat aan die werk was “STOP” by Ragab se huis, en sy en haar huis was gered. *Jos. 6:17, 22-23*

Die grootste en magtigste “STOP” teken, die kruis van Golgota beveel ons nog met hemelse outoriteit om te:-

STOP om jou hart te verhard deur ongeloof. Gee oor aan God. *Heb. 3:12.*

STOP om te drink, te sweer, te vloek, die naam van God te laster, leuens en vuil grappe te vertel.

STOP alle hoogmoed en waan wat voor die val kom. *Spr. 16.18.*

STOP om te leef in ontug, owerspel, of enige ander sondige seksuele gebruik van ons liggame, wat bestem is om die tempels van die lewende God te wees.

STOP die sondige wellus van sigaretrook of dagga, snuif of pruim van tabak, die nadelige gebruik van sekere verdowingsmiddels en pille met 'n nadelige uitwerking op die liggaam, wat die tempel van God is.

STOP alle vorms van vraatsug, wat lewe om te eet in plaas van eet om te lewe.

STOP alle onverskilligheid teenoor God en Sy koninkryk, geestelike luiheid en deur saligheid uit te stel tot 'n later gerieflike dag wat miskien nooit sal opdaag nie. Net een tree verder, verby die “STOP” teken, kan jou ewige verdoemenis beteken, want God se Woord sê: “VANDAG as jy my stem hoor, verhard jou hart nie.” *Heb. 3:15.*

STOP om na waarsêers te gaan, moenie vertrou op toordery nie, om die dooies te raadpleeg in plaas van om na die lewende God te roep nie, om afgode te aanbid, die werk van jou eie hande vir afgodery en toordery is die werke

van die vlees wat deur God veroordeel word.

STOP om te kla en murmureer en wees dankbaar voor God.

STOP alle kwaadpratery en skindery en praat van andere soos jy daarvan sal hou dat hulle van jou moet praat.

STOP daardie lelike wrede jaloesie, wat 'n vreeslike driftige vlam is, en wat kan lei tot moord en doodslag.

STOP die boosheid en toorn. Verwyder dit van u hart saam met elke gees van wraaksugtigheid en vra aan God om aan jou 'n vredeliewende liefdevolle gees te skenk.

STOP die liefde vir geld wat die wortel is van alle kwaad, om jou hart te regeer. Want baie wat geld begeer het, het afgedwaal van hulle geloof en baie smart vir hulself op die hals gehaal. Onthou vir Judas en sy val.

STOP daardie selfsugtige en begerige gees wat nooit tevrede is nie.

STOP alle skynheiligheid wat Jesus meer gehaat het as menige ander sondes o.a. om voor te gee wat jy nie is nie.

STOP om leuens te vertel, want die duiwel homself is die vader van alle leuens.

STOP by die kruis, God se robot, en wees berouvol en bely jou sondes voor God, en maak restitusie met mense aan wie jy verkeerd gedoen het. As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons ons sondes te vergewe. Die bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig ons van ALLE SONDE. *1 Jhn.1:7-9.*

STOP by die voet van die kruis en sien die verlossing van die Heer wat Hy vir jou bewerkstellig het. Hy het self jou sonde en smarte op Hom geneem en jou krankhede het Hy gedra. Hy was verbrysel vir jou oortredinge. Seer seker het Hy jou smarte gedra asook jou leed, en deur Sy wonde is jy genees. Hy wat geen sonde geken het nie, was sonde gemaak vir jou, sodat Sy bloed jou kon reinig van ALLE SONDE sodat jy geregtigheid van God kon word in Hom. *Jes. 53:4-5.*

STOP om vlees en bloed te raadpleeg, nadat God met jou gepraat het en Sy wil aan jou bekend gemaak het.

STOP om te probeer twee meesters dien. Dit kan nie gedoen word nie. Jy kan nie God en mammon dien nie. *Matt. 6:24.*

STOP en kyk na Hom, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, jou sonde en my sonde. *Jhn. 1:29.*

STOP alle ongeloof, deur God te wantrou.

STOP om na jouself te kyk of terug te kyk. Onthou Lot se vrou.

STOP alle onheilsgedagtes en bedink alles wat waar, lieflik, eerlik en rein is. *Fil. 1:8.*

STOP om angstig rond te kyk. Sien op na Jesus.

STOP om bevrees te wees vir dit en dat, in plaas daarvan dat jy God vertrou. Jesus het gesê: "Moenie vrees nie, glo net."

STOP en sien jouself as gekruisig saam met Christus en dood vir sonde en die wêreld.

STOP en sien jouself as verrese saam met Christus en deelgenoot aan Sy opstandings-lewe sowel as Sy goddelike natuur.

STOP en sien die liefde van God wat Sy eie Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sou gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. *Jhn 3:16.*

STOP en staan stil en aanskou die verlossing van die Heer.

STOP die duiwel in die Naam van Jesus, en hy sal van jou af wegvlug. *Jak. 4:7.*

Hierdie hemelse "STOP" teken van die kruis help ons nie allenig om stil te staan en om God se groot verlossing en gawe van ewige lewe in Christus Jesus te aanskou nie, maar dit veroorsaak dat 'n heilige en regverdige God "STOP" wanneer Hy 'n boetvaardige sondaar sien. Ons het as skuldige sondaars God se oordeel en veroordeling om die ewigheid in die hel deur te bring verdien, maar wanneer God 'n boetvaardige sondaar in self-veroordeling aan die voet van die kruis sien, stop Hy en openbaar Homself as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, as die Een wat al ons sondes vergewe en al ons krankhede genees. In plaas daarvan dat ons vervloek word deur die wet, vind ons genade en liefde en vrede. Deur die kruis sien God ons as verlos en gereinig deur die Bloed van Sy Seun Jesus Christus. Die kruis sê: "STOP" aan die wraak van God wat anders op ons sou afgekom het. Aan die kruis het Jesus die wraak van God GESTOP wat op ons sou neerkom. Hy het gebid: "Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie." *Luk. 23:34.*

Daarbenewens is die kruis ook 'n magtige "STOP" teken teen satan en al sy duiwelse magte wat ons

probeer uitdelg en ons afsleep na die hel toe. Want die kruis getuig aan ons van ons verlossing. Dit beveel ook die aanklaer, die duiwel om te "STOP" om ons aan te kla, want Jesus het ten volle betaal vir ons sondes aan die kruis en het ons vrygekoop deur Sy bloed, en onthou ons sondes wat ons bely het nie meer nie. *Efe. 1:7.*

## "GAAN!"

Maar die kruis is nie alleen 'n "STOP" teken nie. Dit beveel ons ook om te "GAAN". Dit gee aan ons die groen lig vir die geopende pad: die ope toegang tot die troon van genade deur die Bloed van Jesus Christus. Deur Jesus Christus en die Heilige Gees het ons nou vrye toegang tot die Vader, ons Vader, Wie se seuns en dogters ons geword het deur geloof in Jesus Christus. Die voorhangsel is geskeur van bo tot onder en enigeen wat wil, kan kom en van die water van die lewe verniet drink. Jesus het gesê: "Ek is die deur, Ek is die weg."

GAAN dus, o sondaar, deur die nou maar ope poort hemeltoe.

GAAN op die ope, bloedbesprinkelde weg van Jesus deur hierdie sondige wêreld totdat jy die pêrelpoorte deurgaan tot binne die Nuwe Jerusalem, waar Jesus vir jou wonings berei het, gereed om die trane van jou oë af te vee.

GAAN en vertel jou eie mense van hierdie wonderlike, vrye verlossing. Vertel aan jou bure, jou vriende en vyande dat Jesus red.

GAAN die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel.

GAAN vinnig in die strate en sypaaie en bring die armes, die verminktes en die blindes in.


GAAN uit op die kruispaaie en lanings en dwing hulle om in te kom, sodat My huis vol kan word. *Luk 14:23.*

GAAN en moenie meer sondig nie. *Jhn. 8:11.*

***J.R. GSCHWEND***

---


2.



9.

Die gewilde "Hartboek" met sy sterk boodskap van saligheid is in meer as 500 tale verkrygbaar. Talle het reeds Jesus gevind bloot deur die illustrasies te bestudeer.

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

EMAIL: info@angp.co.za

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**POSBUS 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)